NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

Tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

Oktober 2009 **October 2009**

www.ptawoodworkers.com

Editorial

Whether we like it or not, the end of the year is here! This is the final chance to polish and finish all the items for the exhibition that will start on Friday 16 October! It is just about impossible to think that so much of this year has already passed. But, I believe that all of us had the opportunity to do all those things that we placed on the agenda for this year. If you have not finished all of it, now is the time to make a real effort to get through.

Personally I have committed myself to make a table, mostly so that I too can make a contribution towards the exhibition. At this stage my dear wife is despondent, because she cannot understand why I need so many new gizmos to get the task finished. It seems as if everything that I have to do requires a special router cutter, saw, clamp, jig, wood, finishing or what not. It is so hard to explain to others, or to yourself, why you always have to try out something that you have not done previously, and why it is never a waste to buy new tools and stuff. To make a long story short, apart from the ***Tambotie*** that has to be finalised, I still have a stack of work to do to get my table presentable!

Program vir Oktober

Die belangrikste is seker dat ons hierdie maand die uitstalling het. Bring jou goed dat ons kan sien wat jy gemaak het. Onthou om Projek Plank, asook Aids & Gadgets se items te bring vir vertoning! Diesulkes wat nie inskrywings het nie moet tog maar kom om deel te neem aan die uitstalling. Bring natuurlik ook al jul vriende en familie saam sodat hulle kan sien waarmee ons onsself besig hou.

- **Die kabinetmakers het ooreengekom dat hulle nie hierdie maand 'n byeenkoms gaan hou nie.**
- **Vrydag, 16 Oktober, 14h00 tot 18h00: Inskywings vir die uitstalling moet by die Lionsklub ingehandig word. Die bestuur het versoek dat daar nie tot op die laaste hiermee gewag moet word nie aangesien die beoordeling moet plaasvind èn die saal moet reggemaak word.**
- **Saterdag, 17 Oktober, 08h00 tot 15h00. Uitstalling by die Lionsklub.**
- **Saterdag, 24 Oktober, om 09h00 tot ongeveer 13h00: Die draaiers vergader by Leon Langenhoven se werkplek. Dit sluit ook na die tyd 'n bring en braai in.**
- **Woensdag, 28 Oktober, Maandelikse vergadering by die Plantkunde Laboratorium, Universiteit van Pretoria.**

FROM THE MANAGEMENT

The September meeting once again proved that we have a pool of knowledge in our own midst that is available to all when our panel comprising Brian Addis, At Smit and Willie Marneweck shared their views on selecting machines. The Editor will most probably elaborate on this matter.

During its last meeting the Management discussed the possibility of "student membership". During the year we noted that some members were accompanied by their young ones. This is a most welcome development especially when one take into consideration that one of the objectives of our Association is to promote the love of woodworking. And where else to start than with the youth. To make it easier for students or learners to join the Association a possible change to our constitution will be submitted for consideration to the January 2010 annual general meeting which will propose the introduction of "student membership" at a reduced membership fee. Even if we could only inspire the love for wood and woodworking in few younger persons each year we will ensure that woodworking as an art, hobby or profession will live on.

Some woodworking clubs overseas have special days for students and from the pictures on the websites of these clubs these special student members thoroughly enjoy themselves.

Our website was once again the topic of discussion amongst a few members with the well founded criticism that the pictures page should be developed further. No additions have been made to that page during the past months and from the pictures one may get the impression that there are only a few members who actually produce articles.

To the defence of the "webmaster" (?) it must be mentioned that on many occasions, both in this articles and during monthly meetings, he requested members to submit pictures of their work to be added to the picture page. Unfortunately, apart from two members who took pictures and submitted it, the response was absolutely zero. In all fairness it cannot be expected of one person or the "webmaster" to also act as the photographer for the webpage.

Members are therefore, once again, requested to submit pictures for the website. If it is pictures of their work it would ideally also contain the following information: the dimensions of the piece, finish and wood. Any other relevant information that can be added when the picture is published would of course be most welcome.

Die reëlings vir ons jaarlikse uitstalling op Saterdag 17 Oktober verloop sover glad en advertensies is tydens die afgelope vergadering aan lede beskikbaar gestel om so wyd moontlik te versprei. Sommige lede het ook die advertensie per e-pos aan hulle vriende versprei en dit lyk of hierdie metode ook goed werk. Hardware Centre van Randburg het weer soos gewoonlik 'n klomp uitstallers van masjiene en ander goed georganiseer en daar sal ook heelwat pryse van hierdie uitstallers beskikbaar wees.

Ons versoek lede om soveel moontlik van hulle werk in te dien vir die uitstalling. Selfs die voorsitter, wat homself na al die jare steeds as 'n beginner beskou, sal items vir uitstalling bring. Hoekom kan elke lid nie minstens drie stukke bring nie ??. Dit kan beteken dat ons minstens 240 items op uitstalling plaas. Ons glo egter dat daar soos verlede jaar veel meer sal wees en dat, soos verlede jaar, ons 'n suksesvolle uitstalling sal hê. Sien julle almal daar !!

Anton Louwrens

Voorsitter

(***Ek wil net vir die "web master" 'n lansie breek. Die poging wat maar onlangs van die grond af gekom het is myns insiens op sigself 'n grootse poging. Ons almal, soos die geval is met die houtwerklubs en verenigings oor die wêreld heen, bestaan uit senior mense (oud?). Diegene is meesal van voor rekenaars se tyd en gevolglik is ons maar swak opgelei ten opsigte van rekenaars, "web sites" en soortgelyke goed. Ons kan dus nie met reg verwag dat almal sal inklim en bydraes lewer om dinge op datum te hou nie. Ons moet nie stagneer met dit wat ons het nie, maar die ouens wat kan moet tog maar die nodige foto's en artikels aanstuur sodat die webblad opgedateer kan word, en so gehou kan word. Red)***

'n BESONDERE MAANDVERGADERING

Aangesien ons vereniging vanjaar 20 jaar oud is, bied die bereiking van hierdie mylpaal ons volop geleentheid om dit gereeld en op verskillende wyses te herdenk en te vier. Bestuur het dan ook besluit om hierdie herdenkings oor die hele jaar heen en by elke moontlike geleentheid te hou. Sommige van hierdie geleenthede was besonders en ook 'n 'eerste' in ons vereniging se kort geskiedenis. Een daarvan was die gesamentlike ontbyt van alle belangstellende lede en hul gades waaroor daar elders in hierdie Tambotie gerapporteer word.

Nog so 'n besondere en unieke geleentheid het tydens die afgelope maandvergadering aan die einde van September plaasgevind. Sover bekend was dit die eerste van sy soort hier by ons waarin drie van ons hoogs kundige en ervare lede 'n spesiale aanbieding gelewer het. Dit het daaruit bestaan dat hulle op 'n heel praktiese wyse die probleemstelling bespreek het naamlik: **watter houtwerkgereedskap is die beste en geskikste om aan te skaf deur enige nuweling houtwerker?** Die drie bekwame lede wat uit hul lang en roemryke verbintenis met houtwerk op die paneel gedien het was Brian Addis, At Smit en Willie Marneweck. Ons voorsitter, Anton Louwrens, het as fasiliteerder opgetree en die drie lede aan die woord gestel en ook vrae van die vloer af behartig.

Brian Addis was eerste aan die woord en kon die tafel dek vir 'n baie interessante bespreking wat gevolg het. Sy hoof uitgangspunt was dat die lewe is te kort (en daar is reeds genoeg struikelblokke) om nog met swak en minderwaardige gereedskap te sukkel. Sy aanbeveling is: koop die beste gereedskap wat jy net, net nie kan bekostig nie, al maak dit jou finansieël 'n bietjie seer. Anders koop jy minderwaardige en soms swak gereedskap waarmee jy sukkel en meer en meer ontevrede mee is. Jy kan in goeie boeke en tydskrifte oplees oor toetse en besprekings van gereedskap deur kundiges. Deur verskillende soorte dan met mekaar te vergelyk en ook by ervare houtwerkers navraag te doen, kan jy baie leer en 'n ingeligte besluit neem oor die aankoop van bepaalde masjinerie en gereedskap. Verder het hy bygevoeg, is dit BAIE belangrik dat met nuwe gereedskap behoorlik geoefen word tot jy dit bemeester het.

At Smit het grootliks beaam wat Brian gesê het. Hy het bygevoeg dat mens versigtig moet wees vir kombinasie-gereedskap. Hulle is veeldoelig en akkuraat tot op 'n punt. Dis beter om liefs gereedskap aan te skaf wat elk vir een doel en funksie ontwerp is. As draaier en kundige metaalwerker, meen hy mens kan sommige stukke gereedskap self maak en daardeur baie geld spaar, veral sover dit draaibytels en sommige bykomstighede vir draaiwerk aangaan. Daar is egter niks wat goeie en gevestigde handelsname klop nie.

Willie Marneweck het ook saamgestem met beide Brian en At se standpunte. As meubelmaker het hy gevind dat hy verskeie soorte gereedskap in sy fabriek benodig. Daar is ook verskillende mense wat daarmee moet werk. Opleiding staan voorop en gereedskap moet gereeld gediens en skoongemaak word. Verder het hy gevind dat sekere take uitgekontrakteer kan word na mense en instansies wat met meer moderne en duurder gereedskap toegerus is.

Met die inleidende menings agter die rug, het die ernstige deel van die aand aangebreek waarin lede indringende vrae oor gereedskap en hul spesifieke aanwendings begin stel het. Baie interessante en opbouende kommentaar is ook van sommige lede gekry na aanleiding van die antwoorde en opmerkings van die drie inleiers. So is byvoorbeeld opgemerk dat kwaliteit gereedskap, wat baie jare se puik diens gelewer het, in onbruik kan verval weens onbeskikbare onderdele, of dat die vervanging van onderdele net soveel kos as die aanvanklike aankoopprys van 'n stuk gereedskap. Daarom was daar konsensus dat mens soms vroeg reeds spaar onderdele moet aanskaf vir wanneer dit later benodig sou word.

Tydens pouse is telkens die opmerking gehoor: *as ek maar hierdie gesprek en raad kon gehad het toe ek toentertyd my gereedskap aangeskaf het, sou ek baie beter oordeel aan die dag kon lê en myself baie moeite en frustrasie gespaar het, om van die geld nie eers te praat nie*. Almal was dit eens dat ons 'n vrugbare aand gehad het met raad uit die boonste rakke vanaf drie lede met ongelooflik baie kennis, ervaring en insig.

Brian Addis aan die woord terwyl At Smit, naaste aan Brian, en Willie Marneweck hulle antwoorde oorweeg.

Volgende maandvergadering. Die vergadering vind plaas op Woensdag 28 Oktober. Die onderwerp vir die aand is Bob Stacey, wat ‘n demonstrasie sal gee oor die volle spektrum van bandsae, gatsae en tafelsae wat hy vervaardig. Daar sal ook ‘n gelukkige trekking wees waar ‘n goeie prys gewen kan word. Andrè Dormehl sal ook ‘n praatjie oor Abranet lewer.

Draaiers se hoekie

Ons vorige draaiersbyeenkoms, by Ben Espach, het weer eens heel voortreflik verloop. Eerstens het Ben gesorg vir meer as genoeg versnapperings. Dit is iets waarvoor ons almal net weer baie dankie wil sê! Tweedens het ons weer kon kyk na ‘n verskeidenheid pragtige draaistukke, wat soos gewoonlik deur veral die staamakers van die groep aangebied is. Dit was vir my persoonlik egter baie bemoedigend om “nuwe” manne te sien wat deurkom met ver bo die gemiddelde pogings met die stukke wat hulle ten toon gestel het. Ek wil veral melding maak van Carel se gekleurde bak met dun wande. Hy is nie meer ‘n beginner nie, maar dit is goed om te sien dat ons nog ‘n goeie draaier onder ons het wat navolgenswaardige produkte lewer. Die ou hande, soos onder andere David, Willie, Leon en Andrew, het natuurlik ook weer hul normale bydraes gelewer om vir die ouens met baie asperasies maar minder talent en ervaring voorbeelde daar te stel. Hieronder is ‘n idee van dit wat ons op die tafel gehad het.

The next meeting of the turners will be on Saturday, 25 October. We will start at 09h00 and will continue until about 13h00. The homework is a long bowl (langwerpige bak). At the meeting we will have a demonstration by Leon as well as time to do some practical turning. The idea is that members may bring their own meat, and other stuff for a bring and braai at the end of the normal proceedings.

VERJAARSDAG-ONTBYT

Ons vereniging is vanjaar 20 jaar oud en hierdie mylpaal word op verskeie wyses gevier. Een daarvan was 'n feestelike ontbyt. Van die ander vierings is reeds afgehandel en 'n paar sal nog plaasvind na die einde van die jaar toe.

Op Saterdag 19 September 2009 het 'n relatief groot groep lede met hulle gades 'n buffet-ontbyt

genuttig ter herdenking van ons vereniging se 20ste verjaarsdag. Dit is deur O'Galito's in die Woodlands Boulevard aangebied. Die eetplek was feestelik versier en netjies ingeruim met groter en kleiner groepe wat op die sagte stoele aangesit het. Daar was selfs 'n lang tafel waar 'n mini-versameling van onlangs vervaardigde items uitgestal is. Aan die voorkant, in die middel, was die hooftafel waar die eregaste aangesit het. Die meeste hiervan was die oorblywende stigterslede wat 20 jaar gelede hierdie vereniging begin het. Willie Marneweck, die eerste voorsitter en inisiëerder van 'n vereniging vir alle belangstellende Pretorianers in houtwerk, was onder hulle. Hy kon ons toe vertel van die aanloop tot die stigting van hierdie vereniging en hoe hulle aan die begin met sowat 30 lede begin het en op 'n stadium tot bykans 120 lede gegroei het. Hulle fokus was deurgaans op onderlinge hulpverlening aan mekaar en om aan die algemene publiek hulle handewerk deur middel van uitstallings en demonstrasies te toon.

Ons voorsitter, Anton Louwrens, het hulde gebring aan die stigterslede wat met hulle visie 'n vereniging daargestel het om leiding te neem in 'n baie belangrike stokperdjie-nis waarby die meeste van ons ander later kon aansluit en inskakel. Willie het dit ook beklemtoon dat, hoewel die stokperdjie-aspek aanvanklik die hoof motivering was, die kameraderie en hegte vriendskappe wat daaruit ontstaan het, die blywendste aspek geword het om die lede aan mekaar te bind. Albei het beklemtoon dat dit steeds baie kenmerkend van lidmaatskap aan ons vereniging is. Anton het ook beklemtoon dat bestuur hierdie genoemde aspekte asook die werwing van jonger lede, baie hoog op die prioriteitslys het. Daaraan sal daadwerklik gewerk moet word.

Na die heerlike tweegang-ontbyt het Gerhard du Randt en sy span aan die beurt gekom om die teenwoordiges met 'n spesiale prystrekking te verras. Gerhard het besonder baie moeite gedoen om pryse by verskillende borge te kry, meesal gereedskap. Soos die ontbyters aangekom het, het elkeen 'n genommerde kaartjie ontvang wat tot na die ete bewaar moes word. Hierdie nommers is toe gebruik vir die trekking en baie van die teenwoordiges het pryse gekry; selfs van die dames. Ongelukkig kon Gerhardt nie vir elkeen 'n prys voorsien nie, maar die ete as sodanig was die hoofdoel en alles addisioneel was 'n bonus.

Anton Louwrens het die verrigtinge afgesluit met groot dank aan Willie de Wet wat die idee van die ete voorgelê het en vir al die reëlings verantwoordelik was. Alles was puik gereël en al die verrigtinge het glad verloop. Die gedagte is uitgespreek dat ons dit dalk as 'n jaarlikse item op ons kalender kan insluit.

Lou Coetzer

Foto 1: Willie Marneweck aan die woord tydens die verjaarsdag-ontbyt.

Foto 2: 'n Deel van die teenwoordiges tydens die verjaarsdag-ontbyt.

Foto 3: 'n Deel van die uitstalling van onlangse stukke deur lede tydens die verjaarsdag-ontbyt.

The Woodworking Association of Pretoria wishes to say a big thank you to all the sponsors who kindly donated prizes for the breakfast. Everybody thoroughly enjoyed the suspense related to the draw, especially due to the fact that these prizes were really worth waiting for! These donors are the following:

1. **André Lesch, Dolphinpark 3, Unit 40. 518 Chickweed St. Annlin, 0182.**
2. **Buchel Tool Centre, John Anderson, P.O.Box 55442, Arcadia, 0007**
3. **Passetti Power Tools, Manny Passetti, P.O.Box 3432, Pretoria, 0001**
4. **Powerdek cc. P.O.Box 11618, Erasmuskloof. 0048**
5. **S&P Power Units (Pty) Ltd, P.O.Box 15037, Sinoville. 0192**
6. **Silverton Bolt & Nut, P.O.Box 662, Silverton. 0127**
7. **Silverton Houthandelaars, P.O.Box 1333, Silverton. 0127**
8. **Trevco, Trevor Pershouse, 14 Steenbok st., Koedoespoort. Pretoria.**
9. **Piet Smit, (lid)**

We do hope that our members will make a real effort to support these people when in need of the products and services that they supply!

Wel en wee

Ons verneem dat **Wollie Wolmarans** tans aansterk na 'n hartoperasie. Wollie, ons hoop dat alles suksesvol verloop het en dat jy gou weer op die been sal wees!

New member

We want to say a hearty welcome to the following new member. We do hope that you will feel welcome from the outset. Please do not hesitate to contact any member about any woodworking aspect , should you feel that you need some assistance. Let us know of any contributions that you can make to assist us as well.

Name: A J (Kobus) Niewoudt

Address: 61 Justin Single, Eldoraigne x 27

Telephone : 012 653 1285 or 082 826 1728

E-mail: niewies@telkomsa.net

Interests: Turning.

Advertensie

John Snyman, het nog nie sy draaibank, wat voorheen geadverteer was, verkoop nie. Hy is nou bereid om die prys te verlaag na R4000. Besonderhede is soos volg:

- **Spartan 600 draaibank**
- **1000mm tussen senters**
- **170mm swaai**
- **Buitboord fasiliteit**
- **Voor en agtertoe draai**
- **Verskeie toebehore**

Vir verdere besonderhede skakel John by 082 465 8770

Advertensie

'n Persoon, George Luies, het geskakel en gevra dat ons moet publiseer dat hy oor 'n groot voorraad kiaathout beskik. Hulle voer blykbaar die hout in en bedryf hul besigheid in Klerksoord, Pretoria. Die lys is te lank om al die detail in die Tambotie te kan plaas, daarom volstaan ons slegs met hierdie kort advertensie. Die mense se besonderhede is soos volg.

Zambian Hardwoods

Standplaas 81,

Willem Cruywagenlaan,

Klerksoord

Telefoon: 012 542 4780

E-pos:
zambianhardwoods@gmail.com

(Dit is sekerlik die moeite werd om vas te stel wat die mense bied en hoe hul pryse vergelyk. Vra miskien direk dat hulle die pryse verskaf. Red)

Safety

I have recently read a Fine Woodworking book on Shops etc. It had one article on riving knives and splitters for table saws, which made very interesting reading. Due to the fact that safety should be a very real aspect in our thinking at all times, I thought that it may serve a purpose to quote some of it for the benefit of those who have not seen this specific article;

Riving knife prevents dangerous kickback

Used properly, table saws are safe machines. Most woodworkers operate them without ever having serious injury. But a table saw can make you pay dearly for inattention or lapses in judgment. In 2001 alone, the table saw sent an estimated 38,000 woodworkers to hospital emergency rooms, according to statistics from the US Consumer Products Commission.

Based on lots of anecdotal evidence, we know many visits are the result of kickback, the dangerous event that typically occurs when a work piece inadvertently contacts the back teeth of the spinning saw blade and is fired back into the face, neck, hands, arms, or torso of the operator. Plus, in certain instances, kickback can cause a hand to be drawn into the blade. A riving knife goes a long way toward making you safer from kickback.

Much like a splitter used on older table saws, a riving knife is a thin, stiff, steel plate installed from above the tabletop, just behind the saw blade. Both mechanisms are meant to prevent kickback, but a riving knife has a big advantage over the a splitter when it comes to safety and convenience.

(Fine Woodworking Tools and Shops. Winter 2008/2009 p 49-50)

(***What comes out in this article is the importance to have a splitter, or preferably a riving knife, on the table saw. It is also of utmost importance to know what causes kickback so that you may be able to prevent it. I believe we should get an authority to give a lecture on this topic in the near future. I am also aware that many of our members do not use a splitter or a riving knife. I suppose it is because it may be a bit of a bother to install it or to take it off where you want to cut dadoes etc where these items will prevent you from doing so. Ed***)

Editorial

Editor: Louw Trichardt

Address: Box 50606, Wierdapark, 0149

Telephone: 012 653 1874

E-mail: louwmarie@icon.co.za